Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# NAVORSINGSKLUSTERS




[https://arts.sun.ac.za/research-clusters](https://arts.sun.ac.za/research-clusters)

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

**FISIESE ADRES:**
:
Graduate School Office
Room 480/1
Arts and Social Sciences Building
c/o of Merriman and Ryneveld Streets
Stellenbosch University
Stellenbosch

**GENERAL INFORMATION**
graduateschool@sun.ac.za
+27(0)21 808 4198 / 2079

# Navorsingsfokusgebiede

## *Armoede, Ongelykheid en Ontwikkeling*



**Hierdie navorsingsgebied is daarop gemik om die komplekse verband tussen armoede, ongelykheid en ontwikkeling te ondersoek. Armoede is ŉ kwessie met vele fasette, wat miljoene mense regoor die wêreld beïnvloed, en dikwels lei tot te min toegang tot noodsaaklikhede, soos voedsel, water, skuiling, gesondheidsorg en werksgeleenthede. Daarenteen verwys ongelykheid na die ongelyke distribusie van hulpbronne, geleenthede en rykdom oor verskillende segmente van die samelewing heen. Hierdie twee kwessies is verstrengel en kan mekaar vererger, wat tot verdere ekonomiese en maatskaplike ongelykhede lei. Ontwikkeling, in hierdie konteks, verwys na die proses van die skep van volhoubare ekonomiese groei en maatskaplike vooruitgang wat alle lede van die samelewing baat. Soos weerspieël in die onderskeie navorsingsfokusgebiede in die FLSW, behels navorsing op hierdie gebied die ondersoek van ŉ groot verskeidenheid faktore wat tot armoede en ongelykheid bydra, waaronder maatskaplike, politieke en ekonomiese strukture, migrasie en werksgeleenthede. Die onderskeie departemente in die Tale, Sosiale Wetenskappe en Kunste fokus op onderwerpe wat met hierdie kwessies verband hou, binne hulle onderskeie dissiplinêre domeine**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## Gender, Seksualiteit, en Feministiese Studies



**Die navorsingsgebied van seksualiteite, gender, en feministiese studies omvat interdissiplinêre ondersoeke wat die kruispunte van gender, , seksualiteit, mag en maatskaplike geregtigheid krities onderso ek.Hierdie studies fokus op die kritiese ondersoek van sosiale konstruksies van gender en seksualiteit, asook die geskiedkundige en kontemporêre ervarings van gemarginaliseerde groepe. Navorsers uit die verskillende fokus op hoe sosiale norme en verwagtinge gender identiteite en -uitdrukking vorm. Ook hoe menslike seksualiteit binne verskillende maatskaplike, kulturele en geskiedkundige kontekste gekonstrueer en gereguleer word .**

**. Dié wat op feministiese studies fokus pak genderongelykheid en kwessies wat met mag verband hou, soos misogamie, seksisme en gendergebaseerde geweld, aan. Talle vakkundiges fokus op die ervarings van gemarginaliseerde groepe, met inbegrip van , LGBTQ+ swart vroue, LGBTQ+-persone, en mense met gestremdhede.**

**.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## *Ras, kultuur en identiteit*



**Die breë tema van ras, kultuur en identiteit erken dat ras en etnisiteit nie vaste of objektiewe kategorieë is nie, maar sosiaal gekonstrueer en deurspek is met kulturele betekenisse en praktyke wat vorm hoe mense hulself en ander waarneem. Navorsing op hierdie gebied in die Fakulteit ondersoek 'n wye reeks onderwerpe, insluitend die sosiale, politieke en ekonomiese dimensies van ras en etnisiteit; hoe kulturele praktyke en oortuigings rasse-identiteite en -ervarings vorm; die impak van globalisering op kulturele en rassediversiteit; en hoe historiese en deurlopende vorme van diskriminasie voortgesit word. Die kruising van kultuurstudies en identiteit verskaf waardevolle insigte in hoe kulturele kontekste individuele en kollektiewe identiteite beïnvloed. Deur die ideologiese raamwerke, mediavoorstellings en kontemporêre kwessies rondom identiteit te ondersoek, kan geleerdes die kompleksiteite van identiteitsvorming in 'n toenemend onderling gekoppelde wêreld beter verstaan. Nog 'n belangrike fokus is hoe kultuur en identiteit met mag en voorreg kruis. Dit sluit 'n verkenning in van hoe ras en etnisiteit kruis met geslag, klas en ander sosiale hiërargieë, wat gebruik kan word om mag en oorheersing binne verskeie kontekste te laat geld en te weerstaan.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## *Taal en die Samelewing*



**Hierdie navorsingstema omvat 'n hele reeks onderwerpe en dissiplinêre benaderings wat gesamentlik die verband tussen taal en die samelewing verken, veral in die konteks van meertaligheid. Werk in teoretiese taalwetenskap en die studie van morfosintaksis en leksikale semantiek, bied raamwerke vir die begrip van hoe taalstrukture maatskaplike norme en waardes weerspieël en vorm. Dit word aangevul deur navorsing in die verwerwing van eerste en tweede tale, psigolinguistiek, kognisie en leer, saam met werk aan die rol van taal en onderwys in die aankweek van interkulturele begrip en kommunikasie. Ons fokus op letterkundige studies en kreatiewe skryfwerk, en die analitiese benaderings wat op 'n groot verskeidenheid tekste en diskoerse toegepas word, weerspieël die rol van taal in die konstruering van die geleefde ervarings, ideologieë en kulturele identeite in beide geskiedkundige en hedendaagse kontekste. Hierdie onderwerpe oorvleuel met navorsing oor taalbeplanning, linguistiese burgerskap, en tolking, wat verken hoe taalbeleide en -praktyke maatskaplike insluiting en uitsluiting impakteer. Die diverse navorsingsonderwerpe onder die hofie van 'Taal en die Samelewing' in ons fakulteit weerspieël 'n multidissiplinêre benadering tot die begrip van die komplekse wisselwerking tussen taalpraktyke, kultuur, estetika en die samelewing**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## *Gesondheid, Welsyn en Menslike Sekuriteit*



**Die navorsingstema van gesondheid, welsyn en menslike sekuriteit fokus op die komplekse wisselwerking van faktore wat gesondheid en welstand vorm. Navorsing op hierdie gebied verken 'n groot verskeidenheid onderwerpe, waaronder die maatskaplike bepalers van gesondheid, vroeë kinder-ontwikkeling, die kulturele en sosiale betekenis van siekte, en gesondheidsorg. Terwyl sommige vakkundiges die belangrikheid van individuele gedrag en leefstylkeuses beklemtoon, fokus ander op die maatskaplike en ekonomiese ongelykhede en strukturele faktore wat gesondheidsuitkomste en toegang tot gesondheidsorg vorm. Nog 'n belangrike aspek van navorsing op hierdie gebied sluit 'n verkenning van die politiek en magsdinamika wat gesondheids en welsynsbeleide beïnvloed en die impak daarvan op individue, gemeenskappe, en samelewings in. Navorsing oor menslike sekuriteit omvat verskillende dimensies, met inbegrip van konflik- en geweldstudies, misdaadstudies, met inbegrip van konflik- en geweldstudies, misdaadstudies, regeringspraktyk en die breër implikasies van maatskaplike, ekonomiese en politieke faktore wat menslike sekuriteit en welsyn beïnvloed.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## Politiek, Regeringspraktyk en Burgerskap




**Hierdie navorsingstema van politiek, regeringspraktyk en burgerskap fokus op die dinamika van mag en gesag in die samelewing. Die navorsing op hierdie gebied ondersoek 'n groot verskeidenheid onderwerpe, waaronder die geskiedkundige vorms van politieke mag en regerings; praktyk; 'n vergelykende ontleding van politieke stelsels ten opsigte van, die maatskaplike, ekonomiese en kulturele kontekste waarbinne politieke instellings werksaam is, en die rol van die burgerlike samelewing in die vorming van politieke uitkomste en die bevordering van 'n meer inklusiewe en demokratiese vorm van regeringspraktyk. Hierdie navorsingstema is gegrond op die besef dat beide politieke instellings en die burgerlike samelewing 'n noodsaaklike rol in die alledaagse lewe speel. 'n Begrip van hierdie dinamika is deurslaggewend vir die aanpak van kwessies van ongelykheid, ongeregtigheid, maatskaplike konflik en politieke onstabiliteit.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## Etiek, Maatskaplike Geregtigheid en Menseregte




**Die navorsingstema van etiek, maatskaplike geregtigheid en menseregte ondersoek die morele en etiese dimensies van die maatskaplike en die politieke lewe. Navorsing op hierdie gebied ondersoek 'n groot verskeidenheid onderwerpe , waaronder etiese besluitneming, morele redenering, en die rol van etiek in verskillende lewensfere, soos kunsmatige intelligensie, die mediese sfeer, regsgeleerdheid, politiek, die weermag en so meer. Dit ondersoek ook kwessies wat met maatskaplike geregtigheid verband hou, soos ongelykheid ,diskriminasie, en marginalisasie. 'n Hooftema is die studie van menseregte en hoe dit are beskerm en geskend word. Dit sluit in die ondersoek van die uitdagings wat met die operasionalisering en toepassing van menseregtebeskerming in verskillende kontekste verband hou. Baie van die navorsers in die fakulteit fokus op etiekbestuur en -bestuursbeheer ten opsigte van verskillende sfere van die menselewe en -omgang.**

## Ontmoet ons Navorsers



# Navorsingsfokusgebiede

## *Grond, die Omgewing en Volhoubare Ontwikkeling*



**Die navorsingstema van grond, die omgewing en volhoubare ontwikkeling fokus op die komplekse verhoudings tussen menslike samelewing en die natuurlike omgewing. Navorsing op hierdie gebied ondersoek 'n groot verskeidenheid onderwerpe, waaronder grondgebruik, natuurlikehulpbronbestuur, , klimaats- verandering en volhoubare ontwikkeling. 'n Verdere dimensie van fokus is gerig op die antroposeen, waarin die kruising van die antroposeen, omgewings- geesteswetenskappe en letterkundige studies 'n dinamiese en interdissiplinêre gebied bied, wat die impak van menslike aktiwiteit op die planeet aanpak.Hierdie studiegebied verken hoe die letterkunde, filosofie en die kunste met die omgewingskrisisse van die antroposeentydvak kan omgaan, en daaroor besin. Hierdie navorsingsgebiede verken ook hoe omgewingskwessies met maatskaplike en politieke kwessies, soos armoede, ongelykheid en konflik, oorvleuel. Een sodanige hooffokusgebied is die studie van volhoubare ontwikkeling, wat daarna streef om ekonomiese groei en maatskaplike welstand te bevorder, terwyl dit die negatiewe impak op die omgewing tot die minimum beperk. Dit sluit in die ontleding van maatskaplike en ekonomiese faktore wat tot volhoubare ontwikkeling bydra en ook die verkenning van die meganismes waardeur volhoubare ontwikkeling bereik kan word.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## *Konflik, Geweld en Versoening*




**Die navorsingsgebied van konflik, geweld en versoening omvat 'n multi-dissiplinêre ondersoek van die oorsake, dinamika en gevolge van gewelddadige konflik, asook strategieë vir die bewerkstelliging van volhoubare vrede en die herbou van samelewings ná konflik. Hierdie gebied is deurslaggewend vir 'n begrip van hoe samelewings die erflatings van geweld**

**and kan aanpak en versoening onder verdeelde gemeenskappe kan aankweek. Konflik kan in baie verskillende kontekste voorkom, waaronder in persoonlike verhoudings, organisasies en nasies. Baie navorsers in die fakulteit fokus op konflik en versoening en die proses van die herstel van verhoudings tussen individue of groepe wat deur konflik of geweld skade gely het. Hierdie navorsing sluit in die bestudering van geskiedkundige trauma, konflikbeslegting en faktore wat tot geslaagde versoeningspogings bydra. Ander fokus meer op direkte vorms van geweld, waaronder oorlog, terrorisme, gesinsgeweld en die effek van gewelddadige misdade op die samelewing. Navorsers in die FLSW verken die kwessies uit verskillende perspektiewe, gegewe die geskiedkundige konteks van**

**geweld in Suid-Afrika, die vlakke van misdaad en gendergebaseerde geweld in die samelewing, en die onderliggende indirekte kulturele en strukturele faktore wat geweld perpetueer.**

.

## Ontmoet ons Navorsers



# Navorsingsfokusgebiede

## *Wetenskap, Tegnologie en Kommunikasie*



**Navorsers op hierdie gebied fokus, onder andere, op hoe wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelings maatskaplike strukture, kulturele waardes , en politieke magsdinamika impakteer. Dit sluit in die verkenning van vrae soos: Hoe beïnvloed nuwe tegnologie hoe ons met mekaar kommunikeer
en omgaan? Wat is die kulturele en maatskaplike implikasies van wetenskaplike vooruitgang soos kunsmatige intelligensie? Hoe vorm kennis en tegnologiese ontwikkelings ons begrip van die wêreld en ons plek daarin? Wat is die etiese en morele implikasies van die gebruik van nuwe tegnologieë in verskillende kontekste? Dit sluit in die begrip van hoe die media en ander vorms van kommunikasie ons openbare persepsies van die wetenskap en tegnologie vorm en hoe verskillende groep binne ons gemeenskap verskillende vlakke van toegang tot wetenskaplike en tegnologiese kennis kan hê. . Hierdie interdissiplinêre insigte uit die sosiale wetenskappe, die geesteswetenskappe en , en kommunikasiestudies.**

## Ontmoet ons Navorsers

# Navorsingsfokusgebiede

## *Uitvoerende en Visuele Kunste*



**Die navorsingstema van die uitvoerende en visuele kunste handel oor die studie van verskillende vorms van kunsuitdrukking, soos die teater, dans, musiek,**
**, film en die visuele kunste. Hierdie navorsing put uit 'n groot verskeidenheid velde binne die geesteswetenskappe, soos kunsgeskiedenis, teaterstudies, musikologie,**
**, en kultuurstudies. Navorsers binne hierdie tema stel beland in die verkenning van die verskillende aspekte van kunsproduksie, -uitvoering en -ontvangs. Dit sluit in die ondersoek van vrae soos**
**: Hoe skep en kommunikeer kunstenaars betekenis deur hulle werk?  Wat is die maatskaplike en kulturele kontekste waarbinne verskillende vorms van kuns geproduseer en verbruik word? Watter rolle speel die gehoor en toeskouers in die skep en ontvangs van kuns? Hoe vorm kuns ons begrip van verskillende kulturele en geskiedkundige kontekste? Die navorsing in hierdie tema fokus dikwels op die noukeurige ontleding van spesifieke kunswerke, en ook die faktore wat die skepping en ontvangs daarvan vorm. Byvoorbeeld, navorsers kan die uitbeelding van gender of ras in 'n spesifieke film ontleed, of die politieke boodskappe wat deur 'n openbare kunswerk oorgedra word, ondersoek. Hierdie navorsingsgebied beklemtoon die belangrikheid van skeppendheid en innovasie en lig uit hoe kunstenaars tradisionele grense toets en maatskaplike norme kritiseer.**

## Ontmoet ons Navorsers

.